**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3**

**Junie 2015**

**EKSAMEN**

**GRAAD 10**

**PUNTE : 100**

**TYD : 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit _6_ bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | |
|---|---|
| AFDELING A : Opstel | (50) |
| AFDELING B : Langer transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C : Korter teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.
3. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.
4. Jy moet **AL** jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik 'n kopplan, vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning **VOORDAT** jy die finale produk vir elke afdeling skryf.
5. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Doen dit in potlood. Trek ‘n streep deur die beplanning **NADAT** jy die finale produk voltooi het.
6. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A : 80 minute

   AFDELING B : 40 minute

   AFDELING C : 30 minute
7. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.
8. Skryf die titel / opskrif van ELKE teks bo-aan ELKE skryfstuk.

   **LET WEL:** Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.
9. Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan elke teks.
10. Skryf netjies en leesbaar.
11. Vul jou buiteblad volledig in.

***Sterkte!!!***

## AFDELING A : OPSTEL

### VRAAG 1

- Kies EEN onderwerp en skryf 150 –200 woorde oor dié onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan.
- Daar MOET 'n beplanning, eerste poging en finale poging by elke skryfstuk wees.

1.1 **Ons nuwe huis...** [50]

1.2 **Kan dit waar wees?** [50]

1.3 **Hy /sy is my rolmodel** [50]

1.4 **'n Wonderlike Ervaring!** [50]

1.5 **Die nuwe bure.** [50]

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n OPSTEL daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.
**LET WEL:** Daar moet 'n duidelike verband tussen die opstel en die prent wat jy gekies het, wees.

1.6.1 [50]



1.6.2 [50]



1.6.3 [50]



**TOTAAL VIR AFDELING A: 50**

## AFDELING B : LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

## VRAAG 2

- Kies **EEN** onderwerp en skryf 120 – 150 woorde daaroor in jou skryfstuk neer.
- Skryf die nommer en die titel van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Onthou om eers te beplan en DAARNA ‘n eerste poging te skryf.
- Skryf die getal woorde ONDERAAN die finale skryfstuk.

### 2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF **[30]**

Julle gesin was rustig by die huis en het TV gekyk. Skielik het iets gebeur...
Skryf vir jou maat 'n brief waarin jy hom/haar vertel wat gebeur het.

Onthou om die **korrekte brief formaat** te gebruik.

### 2.2 DIALOOG **[30]**

Jou gunsteling sportster het die skool besoek en jy het kans gekry om met hom/haar te gesels.Skryf die gesprek tussen jou en die sportster neer.

Onthou om dit in die **korrekte dialoogvorm** te skryf.

### 2.3 INFORMELE TOESPRAAK **[30]**

Julle skool is besig om ou klere in te samel vir mense wat swaar kry en nie baie het om van te leef nie. Jy wil graag met jou registerklas praat en hulle vra om ook goed te skenk (donate). Skryf die informele toespraak neer.

**TOTAAL VIR AFDELING B: 30**

## AFDELING C : KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80 – 100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.
- Onthou om te beplan en ‘n eerste poging te wys.

3.1 **UITNODIGINGSKAARTJIE** **[20]**

Dit is amper jou verjaarsdag en jy wil 'n verjaarsdagpartytjie hou. Ontwerp 'n uitnodiging om jou maats na jou verjaarsdagpartytjie toe uit te nooi. Onthou die formaat: wie nooi jy uit? Wanneer? Waar? Wat is die tema?

3.2 **DAGBOEKINSKRYWING** **[20]**

Iets wat jou baie bang gemaak het, het vandag by die skool gebeur. Skryf in jou dagboek wat gebeur het.

3.3 **INSTRUKSIES** **[20]**

Jou maat sukkel om te begin leer vir die eksamen. Jy wil hom / haar help deur 'n paar wenke te gee oor hoe om voor te berei vir die eksamen. Skryf puntsgewys, in minstens 8 stappe, neer, wat hy / sy moet doen om vir die eksamen te begin leer.

**TOTAAL VIR AFDELING C: 20**

Afdelings: A + B + C

**GROOTTOTAAL: (50+30+20) =100**